# A Brave New World week 5

## A Long walk to Freedom

## Josua 5:13-15, 6 *(hele hoofstuk)*




## Inleiding

In die boek *A Long Walk to Freedom* skryf Nelson Mandela oor sy journey vandat hy 'n klein seuntjie in die Transkei was, tot hy in die tronk beland en as leier van 'n *Bevrydingsorganisasie* op Robben Eiland aangehou is, maar ook verder; hoe hy vrygelaat is en eerste swart leier van Suid-Afrika geword het.

Nelson Mandela het 'n baie groot indruk gelaat. Twee van sy bekendste aanhalings is:

***"May your choices reflect your hopes, not your fears."***

***"Do not judge me by my successes, judge me by how many times I fell down and got back up again."***

Watter indrukke het jy oor hierdie journey en oor die verskil wat hy gemaak het.

## êLuister na die Woord

***Ons gaan hierdie Bybelstudie ook effens anders benader.*** *(Dalk gaan dit 'n bietjie moeilik wees vir julle as groep, maar probeer om dit te doen…)*

➊ **Die inleiding was bedoel om julle 'n bietjie te laat begin dink oor die journey waarop elkeen van julle is.** Ons elkeen se journey lyk anders end it is moontlik dat daar nie sulke groot dramatiese sake op jou pad was soos wat met Israel hier in Josua 5 en 6 gebeur nie of wat met oom Nelson gebeur het nie. *(Bv: Kan nie nou vinnig dink aan iemand wat ek ken wat al in die tronk was nie…)*

➊ ***Laat een person in die groep die hele verhaal lees – Josua 5:13-15 en die hele hooftsuk 6.*** Die res van die groep luister in stilte na die gedeelte wat vir jou gelees word.

➊ Probeer 'n prentjie in jou kop kry van wat hier gebeur het… hoe **Israel elke dag in stilte een maal om die stad geloop het**… niemand het iets gesê nie… hoe hulle dit vir 6 dae lank doen…

- ➢ Hoe die inwonders van Jericho in verbasing elke dag hierdie storie dophou… en watter effek dit op hulle kon gehad het…
- ➢ Hoe dag 7 anders was en hulle 7 keer in stilte om die stad gestap het...
- ➢ Hoe hulle na die 7e keer hardop geskree het… probeer indink hoe dit geklink het… en hoor hoe die mure begin verkrummel en val…

➊ **God gee 'n oorwnning en al wat die Israeliete moes doen was om in stilte te stap en dan op dag 7 baie hard te skree!** As dit enigsins moontlik is – laat die groeplede in stilte vir 20 minute 'n ent gaan stap, of vir 20 minute in stilte gaan sit op 'n plek in die huis/woonstel met die volgende opdrag:

**Opdrag 1 – as jy wegstap (vir 10 minute):**

Dink weer oor die gedeelte wat jy gehoor het….

Wat staan vir jou uit?

Watter Jericho's is voor jou – mure en beperkinge en vyande en onmoontlike situasies?

Watter oorwinning moet die Here vir jou gee oor mure wat afgebreek moet word en onmoontlike situasies waar jy uitkoms voor nodig het?

**Opdrag 2 – as jy terugstap (10 minute):**

Josua het in hoofstuk 5:13-15 na Jericho gaan kyk en natuurlik gewonder watter plan hy moet maak om die stad in te neem en toe verskyn die aanvoerder van die leër van die Here aan hom. Stel jou voor dat die Here skielik kom en saam met jou stap.

**Jy vra:** "Wat moet ek doen, watter plan moet ek maak om hierdie vesting, onmoontlike situasie te oorkom? Here, help my asseblief!"

**Wat sê die Here vir jou?**

**Opdrag 3 – deel met groep**

Gee vir elkeen kans in die groep om te deel wat hulle gehoor, gesien, ervaar het…

Wat het die Here vir jou gesê?

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**